23
GRATIS
# Goeie Nuus Good News
NOU REEDS 23 JAAR OUD!
Junie 2021
AANLYN-UITGAWE ONLINE EDITION
Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Tel: (018) 293 1996
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant - Good News Newspaper

# Al die Lof aan Ons Hemelse Geneesheer!




**Begin Maart 2021 word ek met 'n baie ooraktiewe skildklier, 'n vergroeisel op die skildklier, sowel as "Graves' disease" gediagnoseer. Dokters het met skildkliermedikasie begin. Hulle het ons ingelig dat dit baie moeilik is om vir elke pasiënt die regte dosis te bepaal, omdat omstandighede van pasiënt tot pasiënt verskil. Met hierdie diagnose deur die eerste reeks dokters, het ons min besef wat die pad vorentoe vir myself en ons familie gaan inhou.**

**Ek was absoluut psigoties. Ek het goed rondgeskop en my gesin verskree vir die kleinste dingetjie - wat glad nie is hoe ek is nie. Ek het so verskriklik pyn gehad in my hele liggaam dat ek vir dae lank net kon lê, nie my arms kon optel nie en as gevolg daarvan baie sterk pynmedikasie op 'n gereelde basis moes inneem.**

**Met die neem van die pynmedikasie het ons nie in gedagte gehou wat die uitwerking daarvan op my niere sou wees nie - gegewe die geskiedenis van my niere. Pyn is pyn. 'n Mens probeer dit tot die beste van jou vermoë bestuur. Om 'n goeie nag se rus in te kry, was vir my 'n reuse uitdaging.**

**Na drie weke van behandeling, sien ek die chirurg wat die vergroeisel moes verwyder. Op daardie stadium was my skildkliervlakke steeds baie hoog en chirurgie kon nie plaasvind nie. Die risiko dat ek 'n skildklierstorm onder narkose kon beleef en my hart as gevolg daarvan kon gaan staan, was net te groot. Die chirurg het die dosis skildkliermedikasie opgestoot en 'n beta-blokker bygesit wat die simptome soos bewe, aggressie en die emosionele gevolge van die ooraktiewe skildklier, sou inhibeer. Die beta-blokker verlaag ook bloeddruk en hartklop. Die chirurg het 'n opvolgafspraak gemaak vir 6 weke verder om te kon bepaal tot watter mate die behandeling die vergroeisel beïnvloed het en om die risiko wat gepaard gaan met die verwydering van die vergroeisel aan my skildklier, te verlaag.**

**Gedurende hierdie tyd het my man, my dogter en haar man COVID-19 gekry en moes hulle my steeds elke dag versorg omdat ek niks vir myself kon doen nie. Ek kon my nie self bad of aantrek nie. Tog het ek al die nodige ondersteuning van my familie gekry. Ten spyte daarvan dat hulle COVID gehad het, het ek dit nie gekry nie. Dit was toe al duidelik dat die Here se Hand sigbaar was en Hy vir my wou sê, "Nou is nie jou tyd nie."**

**Na sewe weke op medikasie, het van die simptome verbeter, maar steeds het ek psigoties gebly, feitlik niks geëet nie en was glad nie myself nie.**

**Ek het ongeveer 30 kg tydens hierdie siektetydperk verloor. My man sou in die middel van die nag wakker word en dan hoor hy net hoe lui 'n foon. Dan was ek besig om vreemde nommers te skakel! Uit moedeloosheid het my dogter na endokrinoloë begin soek. Na die derde spesialis wat nie nuwe pasiënte inneem nie, skakel sy 'n vierde endokrinoloog. Die foon het net gelui. Geen antwoord.**

**Sy het op daardie stadium by die eetkamertafel gesit en gebid dat die Here asseblief die regte dokter op ons pad sou stuur. Binne 5 minute lui haar selfoon en die laaste endokrinoloog wat sy gebel het, laat weet dat sy 'n kansellasie het en ons kon haar die volgende week spreek!**




**Op 29 April 2021 gaan ons toe na die endokrinoloog in Johannesburg. Ek het geen idee gehad wat om my aangaan nie. Ek kon nie regop sit nie, ek kon nie eet nie, en ek het nie eers geweet wie ek is of waar ek is nie!**

**Omdat die afspraak in die stad was, het ons vroeg uit Potchefstroom vertrek, met die gevolg dat ons 'n uur te vroeg by die hospitaal was. Na ons COVID-19 voortoets, het my dogter haar hande vol gehad met my. In die parkeerarea van die hospitaal het ek my klere begin uittrek, en kort-kort moes my dogter net keer, omdat ek absoluut geen beheer oor my aksies gehad het nie.**

**Sy was later in trane, want sy het gedink dat ons nou vir 'n uur sou moes wag en my toestand was daardie dag juis op sy ergste. Ons het skaars 5 minute gewag, toe skakel die endokrinoloog se spreekkamer om te sê dat die dokter vroeg is en dat ons maar kon inkom.**

**Die endokrinoloog was nie oortuig dat slegs my skildklier die oorsaak van my toestand was nie. Sy het egter ook bevestig dat ek nie "Graves' disease" het nie. Sy was baie bekommerd oor my toestand en het by die internis in dieselfde straat vir die volgende oggend 'n afspraak gemaak.**

**Die volgende dag het die internis my dadelik in die Netcare Rosebank Hospitaal laat opneem. Daar het hulle 47 verskillende bloedtoetse, 'n MRI, "lumber punch" en**

*Vervolg op p. 4*

# Van Woestaard tot Christus-volgeling

Ek luister onlangs na 'n insetsel op TV waar 'n onderhoud met Jimmy Abbot gevoer word. En ek sien en beleef 'n wonderwerk van God!

Hierdie man het as 'n woestaard grootgeword, want hy het net haat en verwerping geken. Woede, wraak, aggressie, pyn en geen liefde nie.

In sy boksloopbaan, wat hy suksesvol uitgeleef het, wou hy net "moor" en "doodslaan" so ver hy kon. En hy kón baklei!

Maar daar het 'n dag gekom dat hy Jesus ontmoet het. Toe hulle hom vir die eerste keer kerk toe geneem het, wou hy met die pastoor baklei. Toe hulle vir hom sê hy gaan Jesus ontmoet, wou hy gaan. Hy wou vir Jesus wys hy sal met Hom ook baklei en vir Hom wys dat hy (Jimmy) sterker is as Jesus!

Maar toe ontmoet hy werklik vir Jesus, en al sy innerlike pyn en seer en verwerping verdwyn! Jesus het in sy hart kom woon en hom 'n kind van God gemaak. Toe word hy 'n man van liefde, en hy het ook later 'n pastoor geword met sy eie gemeente. Vandag is Jimmy al oorlede, maar hy het as kind van God na Jesus toe gegaan!

In die Bybel vind ons 'n soortgelyke verhaal in Lukas 9:51-56, dié van Jakobus en Johannes. Reeds in Markus 3:17 noem Jesus hierdie twee dissipels, twee broers, *Boanérges.* Dit beteken: *"seuns van die donder."* Dit kan wees dat Hy hulle so genoem het oor hulle vurige temperamente. Hy moes egter elkeen se temperament temper ooreenkomstig die Beeld van Christus. Later het Jakobus 'n vroeë dood gesterf, toe koning Herodes hom met die swaard omgebring het (Hand. 12:2).

Johannes was die enigste dissipel wat 'n natuurlike dood op hoë ouderdom gesterf het. Hy het in sy latere lewe die *apostel van liefde* geword. Hy het so vurig liefgehad dat hy in 1 Johannes, 40 keer na liefde verwys het. Maar hy moes daarin groei aan die voete van Jesus.

In Lukas 9:51-56 lees ons dat Jesus en Sy dissipels op reis was na Jerusalem en hulle het in 'n dorp van die Samaritane ('n bastervolk) ingekom en huisvesting gesoek. En die Bybel sê: *"En hulle het Hom nie ontvang nie, omdat Hy na Jerusalem op reis was."* Dan lees ons verder in Luk. 9:54-56: *"En toe Sy dissipels, Jakobus en Johannes, dit sien, sê hulle: Here, wil U hê ons moet sê dat vuur van die hemel afdaal en hulle verteer, soos Elía ook gedoen het? Maar Hy draai Hom om en bestraf hulle en sê: Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie; want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red. En hulle het na 'n ander dorp vertrek."*

Kyk hoe kom hierdie vurige temperament wat alle teëstand net met geweld verwoes, na vore! Maar Jesus sê egter vir hulle: *"Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie; want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red."* By alles het die Samaritane ook 'n kans gehad om Jesus te ontvang in hulle lewens en in hulle harte. Want Jesus sê ook op 'n ander plek: *"Ek het as 'n lig in die wêreld gekom, sodat elkeen wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie. En as iemand na My woorde luister en nie glo nie, Ek oordeel hom nie; want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie, maar om die wêreld te red"* (Joh. 12:44-47).

Het jy al jou lewe vir Jesus gegee? Jou hart vir Hom oopgemaak? Johannes 1:12-13 verklaar: *"Hy het na Sy eiendom gekom, en Sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is."*

Die Samaritane het Hom nie "aangeneem" nie, nie "ontvang" nie. Hoe baie mense vandag wil Jesus ook nie ontvang nie! Hooggeplaastes, gewone mense, regeringsamptenare, wil Hom nie hê nie. Inteendeel, hulle wil net met Hom "baklei" en Sy Kerk vervolg, terwyl Hy gekom het om die hele wêreld (alle mense oor die hele wêreld) te red!

In Johannes 3:16 skryf Johannes (apostel van liefde): *"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."*

Waar staan jy en ek in ons verhouding met Jesus wat Sy lewe vir ons gegee het, Sy bloed vir ons gegee het. Hy het ons nie kom verwoes nie, ook nie kom veroordeel het nie, maar ons kom red van die hel en die ewige dood. Kom ons buig ons harte voor Hom en nooi Hom om in ons harte te kom woon!

*- Dr. J J Venter*

# JESUS-TAAL

"Antie! Antie!" hoor ek iemand agter my roep.

Ek stap in die stofstrate van Rehoboth, suid van Windhoek in Namibië. Ek steek vas. Kyk om. 'n Klein, vuil seuntjie hardloop na my toe.

Ek kyk na die kind. 'Ag Vader, hoekom is die kind so verskriklik lelik', dink ek. 'Sjoe, iewers het hierdie reseppie lelik verkeerd geloop'.

"Hallo, my kind."

"Hallo Antie. Kan ek Antie se kitaar dra? Ek het Antie gehoor sing."

Ek haal my kitaarsak van my skouer af en haak dit oor syne.

Kaal, gebarste voetjies loop 'n paar treë in stilte. Hempie knoop af. Broekie se gulp stukkend, aanmekaar gesit met draad.

"Antie?"

"Ja my kind?"

"Antie sing mooi. Ek was vol mossievleis. So "straight" mooi soos my ma sê. Wie het vir Antie daai mooi stem gegee?"

"Seker maar Jesus, Seun."

"Ja, Hy het vir my ook een gegee."

Ons loop… Weer dink ek aan die kind se lelike reseppie wat oral oor sy gesig geskryf is. Regtig, Jesus?

"Wil Antie my hoor sing?" Dalk maak sy stem op vir die gebrek aan skoonheid, rol dit deur my gedagtes. "Asseblief Seun." Hy gee my kitaar terug. Hy kry "pose" sodat hy sy "moves" saam met sy lied kan maak. Hy kyk my eers in die oë en maak seker hy het al my aandag en hy begin sing met 'n breë glimlag:

"Jesus het my mooi gemaak, Jesus het my mooi gemaak, my kop, my tone, my hande, my voete, Jesus het my so mooi gemaak!"

Ek hurk! "Here, Here, wees my, sondaar, genadig!" Die trane vloei oor my wange, meng met die stof van Rehoboth se strate.

Ek dink: 'Seun, sal jy my ooit kan vergewe vir my lelike gedagtes asseblief? Jy is só mooi.'

"Antie, ek weet nie wat Antie gedink het nie, maar Antie se oë praat nou Jesus."

Ek haal my kitaar uit. Die wysie



is maklik. Ek slaan die kitaar en hy "jive" uitbundig sy "moves" in Rehoboth se stofstraat met boude wat boep staan. Ek "jive" saam soos 'n kind: "Jesus het ons mooi gemaak..."

Ek kyk na sy gesiggie en ek sien sy glimlag praat Jesus…

@Margaret Bennett

# THE POTTER IS STILL AT WORK

A friend sent me a clip of how a potter goes to work. You may have seen it. The potter has some new project in mind. Something strong and useful, not ornamental. He goes into a swampy place - not a place that you would normally visit. Not a nice place at all, really. He scoops out as much as he considers the project might need.

Back in the workshop he starts kneading the clay, continually picking out debris, pebbles, little twigs and dead grass and other impurities. He continues kneading the lump of clay until it starts to come together, much like bread dough. It has to have the right consistency before it can be moulded and worked.

This preparation process requires much attention because this process determines the quality of the finished product. Then onto the wheel where the potter digs his fingers deeply into this lump of clay. He knows exactly what he has in mind and working according to what the finished product will be. The potter's wheel spins as the moulding process goes on. Not a moment too soon can this moulding process be stopped or the vessel's purpose could be jeopardized. This amazing moulding truly requires patience.

After that comes the drying process. This is a time of great fragility. Dried-out clay is brittle and so easily broken or cracked or chipped. And yet the process is only halfway done. The oven awaits this product in order to strengthen it for its purpose. Without the fire, the vessel would be useless. The slow fire of the kiln is precisely timed. And still the process is not over! The vessel needs glazing and embellishment. And then, back into the fire.

Can you relate to this process? Paul sums it up so beautifully when he says, *"Then you will be made complete with all the fulness of life and power that comes FROM GOD"* (Ephesians 3:19,20). As to why this brutal process is necessary, Paul says in Colossians 1, *"so that you may live a life WORTHY of the Lord and PLEASE*



*HIM IN EVERY WAY: bearing fruit in every good work, growing in the knowledge of God, being strengthened with all power according to His glorious might so that you may have great endurance and patience... "*

One thing I want you to know: you are not being plagued and pestered by the enemy, child of God. You are safely being tended to by the Potter. *"Like clay in the hand of the potter, so are you in My Hand"* (Jer. 18:6). Are you tearful and fearful at this seemingly endless process? Take heart, beloved, He is still at work and as surely as the sun will set at the end of this day, so you will see the end of what felt like unfair and brutal treatment. And the Potter will stand back and survey the beautiful work of His hands.

*"Now all glory to God, Who is able, through His mighty power at work within us, to accomplish INFINITELY more than we might ask or think"* (Ephesians 3:21). And then your days of useful service will begin, never to end. Be still in the hands of the Potter.

*- Helen du Plessis*
*Cell: 083 332 0895*

# A MODIMO A GO LWELE DINTWA TSA GAGO

## (Let God Fight Your Battles For You)





*Johan Zerwick*
*Sêlê ke 083 458 3837*

### DITEMANA

Jaanong Morena a raya Moše a re: "Tsholeletsa letsogo kwa godimo gore go ne sefako mo lefatsheng lotlhe la Egepeto, se rothothe batho le diruiwa le dijwalo tsotlhe tsa masimo mo lefatsheng la Egepeto." Moše a tsholeletsa thobane ya gagwe kwa godimo; mme Morena a dumisa maru, a nesa sefako le ditladi tsa ratha lefatshe. Morena a nesa sefako jalo mo lefatsheng la Egepeto. Sefako sa na, magadima a ntse a gadima mo gare ga sefako mo go boitshegang thata; e le sefako se se iseng se ke se ne se le kalo mo lefatsheng lotlhe la Egepeto, fa e sa le setšhaba se simolola go nna mo go lone. Mo lefatsheng lotlhe la Egepeto sefako sa bolaya dilo tsotlhe tse di neng di le kwa nageng, batho le diruiwa. Le gona sefako sa senya dijwalo tsotlhe tsa masimo, sa roba ditlhare tsotlhe tsa naga. Fela mo nageng ya Gosene fa Baiseraele ba neng ba nna teng sefako sa se ka sa na. Ke fa Farao a roma, a bitsa Moše le Arone, a ba raya a re: "Jaanong ke leofile. Morena o siame, mme nna le morafe wa me ga re a siama. Nthapeleleng Morena. Ditumo tsa maru tsa Modimo le sefako le magadima di feta tekanyo. Ke tla lo lesa gore lo tsamae; ga nke ke tlhola ke lo dia." Moše a mo raya a re: "E tla re ke sena go tswa mo motseng, ke tsholeletse mabogo kwa Moreneng; ditumo tsa maru di tla khutla, sefako se kgaotsa gore o tle o itse fa lefatshe e le la Morena. Mme ke itse gore wena le batlhanka ba gago ga lo ise lo boife Morena Modimo" (Ekesodu 9:22-30).

### DIKAKANYO

Fa wena o rata Modimo mme Modimo a na le wena a ka go lwela dintswa tsa gago. Ka nako ya Baiseraele kwa Egepeto Farao a ne a le nkane thata. A ne a sa batle go utlwa. Moše a ne a sa itse gore a dire jang mme Modimo a mo laola gore a dire eng. Fela jalo le wena fa o rata Modimo mme o mo direla Modimo a ka go thusa. A ka go bolelela fela gore wena o dire eng mme fa o ka latela ditaelo tsa Gagwe o tla bona ntwa ya gago e go lwelwa. E rile fa Farao a nna tlhogo e e thata Modimo a ne a raya Moše gore a dire eng mme maatla a Modimo a diragatsa dimakatso. Fa Moše a ne a ka leka go lwantsha Farao masole a ga Farao a ne a ka mmolaya ka pele. Dikao di dintsi mo Beibeleng mo Modimo a ne a fenya dintwa mme a raya batho gore o tla neela baba ba gago mo diatleng tsa gago. Nako e ntsi le rona re rata go lwa le go leka maatla a rona mme gopola fela gore Pesalome 127 e ne e reng: "Ke lefela, fa lo tsoga phakela, lo itima boikhutso, lo ja dijo tsa matsapa; gonne Morena o tla naya baratwi ba gagwe ba ntse ba robetse. A wena o sa tsoga phakela mme o itima boikhutso mme o ja dijo tsa matsapa? O ka tswelela go dira jalo kgotsa o ka tlisetsa Modimo dintwa le mathata a gago mme wena o mo direle mme wena o mo rate mme o mo bake. Fa o ka dira jalo Morena o tla naya moratwi wa gagwe a ntse a robetse.

Reetsa se mowa o o galalelang o go bolelelang sone. Dira jaaka Modimo a go laola mme Ene a ka go lwela dintwa tsa gago. Se Modimo a ka go direlang sone se segolo thata go feta se wena o ka se dirang. Farao a ne a le nkane thata mme a gana go reetsa Moše mme Modimo a mo raya gore ene a tsholetse mabogo fela. Ke akanya gore Farao le masole a gagwe ba ne ba tshega Moše mme e rile sefako le dikgadima di tla ba ne ba bina pina e nngwe. A re simololeng go tshepa Modimo ka dintwa tsa rona mme rona re direle Ene ka lorato mme Ene a ka re lwela ka sefako le ka dikgadima.

### THAPELO

Ntate wa rona re kopa gore o re thuse gore re simolole go go tshepa go feta mme re se leke go itwela dintwa tsa rona. Re kope o re thuse gore re rate Wena mme re go direle mme re tshepe lefoko la Gago gore re amogele tshireletso ya Gago le fa re robetse. AMEN.

# Al die Lof aan Ons Hemelse Geneesheer!

*Vervolg van p. 1*

ander toetse begin doen. Met die dag van opname was my hartklop gevaarlik laag en ek het nierversaking gehad. Lupus is ook bevestig en behandeling kon eers begin nadat my nierfunksietelling sou verbeter.

Interniste in Potchefstroom was toe al maande vooruit bespreek en hier kry ons op kort kennisgewing 'n afspraak by 'n internis in Johannesburg! My man en dogter het 'n WhatsApp-groep begin en baie mense het vir my gebid.




Na twee dae in die gewone saal was die internis baie bekommerd en het my oorgeplaas na die Hoësorg-eenheid, waar die behandeling begin het en waar die sorg net meer gemonitor kon word. My nierfunksie was tydens my verblyf in die Hoësorg-eenheid op die punt van dialise. 'n Hele span spesialiste wat 'n internis, endokrinoloog, nefroloog, kardioloog, rheumatoloog, radioloog, dieetkundige, sowel as fisioterapeute ingesluit het, is oor my aangestel.

Daagliks is daar buise bloed getrek - my arms was later so pers van al die bloedtrek! In my deurmekaar toestand het ek verskeie kere die drup uitgeruk, wat vreeslike sere op my arms gemaak het. Dan het dit vreeslik gebloei. My nierfunksie het wonderbaarlik begin verbeter en dialise was nie nodig nie.

Ek het 'n tipe chemoterapie ontvang wat hulle vir ernstige Lupus-pasiënte toedien. Dit het my baie siek gemaak. Op die dag na hierdie behandeling, was die rheumatoloog se woorde aan my dogter en haar man: "Your mom is a very sick lady, you can be so glad she didn't die".

Met tye het dit regtig baie sleg gegaan en die meeste van die tyd het ek geen idee gehad wat om my aangaan nie.

Na drie weke is ek uit die hospitaal ontslaan en my nierfuksie is feitlik normaal. My Lupus word nou behandel met immuunonderdrukkers sowel as kortisoon.

Wanneer 'n mens na alles op papier kyk, moes ek nie vandag




meer gelewe het nie.

Alle eer aan ons Hemelse Vader wat die wonderlike span dokters en verpleegpersoneel as instrumente in Sy Hand gebruik het om my te genees! Daar is ook voorwaar krag in gebed! Baie dankie aan elkeen se gebed en woord van bemoediging in hierdie tyd!

*- Sarie Koekemoer*
*083 228 2584*

# PRAYER IN THE MORNING

*"Come up in the morning... and present thyself there to Me on the top of the mount"* (Exodus 34:2).

*Morning* is the time fixed for my meeting the Lord. The very word *'morning'* is a cluster of rich grapes. Let us crush them, and drink the sacred wine!

In the morning! Then God means me to be at my best in strength and hope. I should not climb in my weakness. In the night, I have buried yesterday's fatigue, and in the morning take a new lease of energy.

Blessed is the day whose morning is sanctified! Successful is the day whose first victory was won in prayer! Holy is the day whose dawn finds Thee on the top of the mount!

My Father, I am coming! Nothing on the mean plain shall keep me away from the holy heights. At Thy bidding I come, so Thou wilt meet me.

Morning on the mount! It will make me strong and glad all the rest of the day so well begun.

- JOSEPH PARKER

My mother's habit was every day, immediately after breakfast, to withdraw for an hour to her own room and spend that hour in reading the Bible, in meditation, and prayer.

From that hour, as from a pure fountain, she drew the strength and sweetness which enabled her fo fulfil all her duties and to remain unruffled by the worries and pettinesses which are so often the trial of narrow neighbourhoods.

As I think of her life and all it had to bear, I see the absolute triumph of Christian grace in the lovely ideal of a Christian lady. I never saw her temper disturbed; I never heard her speak one word of anger, of slander, or of idle gossip; I never observed in her any sign of a single sentiment unbecoming to a soul which had drunk of the river of the water of life, and which had fed upon manna in the barren wilderness.

- Farrar

**GIVE GOD THE BLOSSOM OF THE DAY. DO NOT PUT HIM OFF WITH FADED LEAVES...**

*[Devotions for Morning and Evening, Mrs Charles E Cowman, Inspirational Press, New York, 1999].*

**WE DESPERATELY NEED YOUR HELP!!!**

STATE SUBSIDY HAS BEEN SEVERELY CUT DUE TO COVID-19!

BY DONATING R1 (OR MORE) TO

**AMELIA NASORGSENTRUM**

YOU ARE PROVIDING FOOD, SAFETY AND A HOME TO A DISABLED PERSON

**CHALLENGE:**

**1 MILLION PEOPLE TO DONATE R1.00!**

AMELIA NASORGSENTRUM
ABSA BANK
680960283
BRANCH CODE: 632005
REF: R1 CHALLENGE

# HAAR KLEIN BIETJIE VIR JESUS...

'n Klein dogtertjie in Japan was reeds twee jaar in 'n tering-hospitaal. Haar liggaam was so uitgeteer dat sy nouliks in die bed kon beweeg.

Op 'n dag het 'n groep evangeliste die hospitaal besoek en vir haar 'n Christelike traktaatjie gegee. Sy was nie in staat om dit vas te hou nie, en die verpleegster moes dit vir haar vashou en die blaaie een vir een omblaai sodat sy dit kon lees.

Die eenvoudige evangeliese boodskap het haar hart aangegryp. Sy het hardop gebid en God gevra om haar sondes te vergewe. Sy het Jesus as Verlosser aangeneem en 'n wonderlike ondervinding van verlossing gehad. Sy het ook dadelik begeer om die blydskap wat die Heer haar gegee het, met ander te deel.

Toe sy in 'n koerant lees van 'n goddelose man, Iwata, wat ter dood veroordeel was weens moord, het sy besluit om aan hom te skryf en van Jesus te vertel. Dit het haar drie dae geneem om die brief te skryf en die traktaatjie wat vir haar soveel beteken het, daarmee saam aan die man te stuur.

Die man het hom eers vererg vir die brief, maar toe hy dit weer deurlees, het hy besef wat die brief van een bladsy waarlik vir die dogtertjie beteken het. Dit het sy hart geraak om te dink dat iemand genoeg vir hom sou omgee om teen so 'n prys aan hom te skryf. Hy het die traktaatjie oor en oor gelees, totdat die waarheid sy hart beetgepak het.

God het in daardie Tokio-tronk gekom en 'n brutale moordenaar gered deur die getuienis van 'n bykans hulpelose klein meisie in die teringhospitaal aan die anderkant van die stad. Later is die moordenaar na 'n ander tronk geneem waar hy in die dodesel geplaas is as sy finale plek voor sy teregstelling.

Op 'n dag was hy in sy eensame sel besig om 'n evangeliese lied te sing wat hy by Christenwerkers in die tronk geleer het. Skielik hoor hy 'n stem kom deur die "loergaatjie" van die aangrensende sel. Dit was van 'n man met die naam Uchida wat Christus ook as sy Verlosser gevind het. Wat 'n vreugde dat die twee in staat was om hulle geloof met mekaar te deel!

Iwata en Uchida het begin bid en werk vir die redding van die ander manne in die dodeselle. Die tronkbewaarder het hulle verlof gegee om hul getuienis met ander prisoniers te deel wanneer hulle almal met etenstye saamkom. In die twee jaar wat Iwata in die dodeselle was, is daar 41 veroordeelde prisoniers na Christus gelei en in die tronkbad gedoop.

Die bewaarder het verklaar dat die hele atmosfeer van die dodeselle van raserny en skrik verander het in Christelike blydskap en vrede. Oral kon geestelike liedere in die eensame selle gehoor word.

Eindelik het die tyd aangebreek vir Iwata om vir sy sonde te sterf. Sy laaste versoek is toegestaan, naamlik, dat hy na die tering-hospitaal geneem moes word om die dogtertjie te sien wat die briefie aan hom geskryf en die traktaatjie saamgestuur het.

Voor haar bed het die bekeerde moordenaar vertel wat die brief en traktaatjie vir hom en sy vriende gedoen het deur die reddende krag van Jesus Christus. Trane het oor die dogtertjie se wange gerol by die aanhoor van wat God gedoen het.

Voordat hy haar verlaat het, is Iwata deur die Heilige Gees gelei om sy hand op haar hoof te lê en in die geloof vir haar genesing te bid. Hy is toe terug na sy tronk waar hy vir sy misdaad tereggestel is, maar hy het gegaan na God vir Wie hy nou geken, vertrou en liefgehad het.

Die krag van die lewende Woord van God wat hom en 41 manne in die dodeselle verander het, het nou in die sterwende liggaam van die dogtertjie in die tering-hospitaal gekom. Binne veertien dae was sy volmaak genees van haar siekte en het sy die tering-hospitaal verlaat om 'n normale lewe te lei!

Wat 'n wonderlike daad van God was dit! En dit het alles begin deurdat 'n hulpelose dogtertjie wat nie veel kon doen nie, tog die bietjie wat sy kón, gedoen het én deurdat 'n veroordeelde moordenaar in die dodesel nie moed opgegee het nie, maar gedoen het wat hy kon om andere van sy Heer te vertel.

Waarlik, die Woord het vlees geword en herleef in die lewens van daardie mense!
*[PL ROUNDS, Sendeling in Japan, oorgedra aan DIE KRUISGESANT, Mei 1979].*

# The Upgrade that Changed my Life

I was born in the IT Hospital a long time ago. At first my new owner (Satan) treated me very nicely and gave me everything I wanted. Then after a while he started to abuse and misuse me. I had no anti-virus to protect me and he started to load all sorts of files into me, like hatred.exe, lust.exe, envy.exe, uncleanness.exe and drunkenness.exe!

All these files are part of a package called "Works of the Flesh" (Gal. 5:19-21). Slowly I started to deteriorate, began overheating and could not perform like I used to. Satan did not care for me anymore and just loaded more junk files and programmes onto my hard drive. I was dirty and good for nothing. Then one day Satan just threw me out on the street to rot. He always does this when he's finished with you! I just lay there full of self-pity and felt good for nothing.

After a while a Man walked by, picked me up and took me home. He was so kind and handled me so gently. I found out His Name was God and that He specialised in restoring old and worn-out PCs like myself.

He started off by cleaning me with a very special fluid called "Blood of Jesus" (1 John 1:7). He then replaced my hard drive with a much better one and formatted it to His standard (Ezek. 11:19) when He replaced my RAM (mind). I had hope. I overheated because my fan did not have enough power. God realised this and installed a new power supply unit (Acts 1:8) in me and now I'm ready to face the world!



Now I was ready to be programmed. A new and wonderful Operating System was installed, called "Fruit of the Spirit" (Gal. 5:22). Another cool programme, "Gifts of the Spirit" (1 Cor. 12:8) was loaded. The best anti-virus "Renew.mind" (Rom. 12:2) was installed and I could immediately prove what was the "good and acceptable will of God".

To keep me fit and healthy, "By His stripes.healed" (1 Pet. 2:24) was installed. All the new programmes worked with a shared file called "Spirit.same" (1 Cor. 12:4). I soon realised that God was there when I was born and had overseen the whole process (Is. 44:24). He also had unlimited resources to upgrade me (Hag. 2:8).

Did I mention the Father's partners? They are Jesus and the Holy Spirit. They all work together as a wonderful Team and each One has a special job to do. Finally, with "Blue Tooth" God always knows when something is wrong or if I need anything (Is. 65:24). Isn't that great! I had an extreme makeover and I feel so good and wonderful!

Isn't God wonderful? If you feel down and out, why not let God give YOU an EXTREME MAKEOVER according to Is. 1:18, *"Come now, and let us reason together, says the Lord, though your sins are like scarlet, they shall be as white as snow; though they are red like crimson, they shall be as wool."*
- Ed. Ron Steele, AFM Herald, September 2006

# Prys die Here vir Sy Aanraking!

'n Paar jaar gelede het die Here my deur 'n baie moeilike tyd gedra. Ek het 'n hartaanval gehad en by die dood omgedraai. Tog het Hy my 'n tweede kans gegee en my deurgedra.

Dit was 'n moeisame pad, maar ek het herstel en is vir my geliefdes gespaar. Sulke traumatiese gebeure laat 'n mens diep besin oor jou lewensdoel en jou taak vorentoe.

